

Uitgekies uit die ganse mensdom

Efesiërs 5: 21 - 33 & Sondag 21
Efesiërs 5: 25 - 27

1. Inleiding

Geliefdes in vanoggend se leediens fokus ons op kerk wees. Wat beteken dit om kerk te wees in 2020, waar die refrein nuwe normaal gereeld gehoor word? Waar ons voortdurend gedruk word om nuut en anders oor sake te dink? Hoe lyk kerk wees, is dit 'n buigbare, vloeibare idee wat maar in enige vorm en voorkeur ingedwing kan word? Of is dit juis nie?

Kerk wees soos die res van ons lewens moet eer en verheerliking aan die Here bring. Daarom maak dit seker sin om by die Here uit te vind hoe kerk wees dan moet wees. Dit bring ons by ons teksgedeelte vandag. Alhoewel Efesiërs 5 primêr oor die inrig van die huwelik en huisgesin gaan, word daar ruimlik van 'n vergelyking gebruik. En die vergelyking vergelyk die huwelik met die gemeente van die Here.

En miskien is dit alreeds hier wat dit duidelik wat kerk wees is, of eintlik dan nie is. As daar nou een area is waar mense nog baie aan tradisie wil vashou, dan is dit die huwelik. Ons sien dit veral in die bevestiging daarvan. Want reg oor die bekende wêreld wil die grootste atieste en kerk haters, tog steeds hê dat 'n geestelike leier hulle huwelik bevestig.

Dalk is kerk dus nie so vloeibaar en veranderbaar soos daar gedink word nie. Maar eerder tradisioneel, ortodoks en selfs ongemaklik opofferend. Daarom is juis belangrik om die vraag van Sondag 21 vraag 54 vanoggend weer vir mekaar te vra. Wat glo jy eintlik, wanneer jy elke sondag bely dat jy in die kerk glo. Kom ons ondersoek die vergelyking tussen die kerk en die verhouding tussen 'n man en vrou in Efesiërs 5, soos ook bely in Sondag 21.

2. Uitgekies

In die huwelik het jy 'n bruid en bruidegom, want niks anders kan immers deur 'n ware gelowige herken word as 'n huwelik nie. En dan in die vergelyking met man in vrou in Efesiërs 5 sien ons die Seun, ons Here Jesus Christus as die bruidegom en die kerk as die bruid wat Hy as Sy vrou neem. Hierdie beeld is natuurlik nie net tot effesiërs beperk nie, maar word reg deur die bybel aangetref. Dit is veral ook in Openbaring waar die klem weer sterk daarop val.

Wat dan verder duidelik is om uit te lig is dat hierdie huwelik nie geforseer is nie. Dit is nie 'n beplande huwelik waar die bruidegom met 'n bepaalde bruid moet trou nie. Christus soos 'n goeie bruidegom kom kies die kerk uit die ganse mensdom, soos wat 'n bruidegom, sy bruid uit die vroue van die wêreld kies. Dit is immers nie die bruid wat die bruidegom kies nie, maar die bruidegom wat die bruid kies.

Hierin lê dan juis 'n belangrike beginsel vir kerk wees. Kerk is nie 'n groepering mense wat voel dat hulle kerk moet wees nie. Kerk is nie 'n groep soekende mens wat uiteindelik die waarheid gevind het nie. Nee, kerk is gelowiges wat deur die Here so nader getrek word dat hulle nie ander kan as om kerk te wees nie.

Dit sien ons ook duidelik in ons teksgedeelte, wat baie maak oor die versorging van 'n vrou deur haar man, bv in vers 28. Die bruidegom maak die keuse om hierdie vrou as Sy

bruid te neem, en op grond van die keuse het Hy ook die verandwoordelikheid om haar te versorg. Christus versorg die kerk vandag nog met alles wat nodig is om kerk te wees.

3. Gereinig

Maar om te dink dat die kerk, ons as mense sommer net so gereed was vir die bruidegom is hoogmoedig en dwaalleer. Want ons bely dan juis dat ons in 'n heilige kerk glo. En dit is hierdie heiligheid wat ten volle aanwesig is in Christus maar juis ontbreek by ons. Want die mens is mos van nature boos. En dit is wat Christus juis so unieke bruidegom maak. Hy kom gee Sy eie lewe om Sy bruid gereed te maak.

Dit is wat ons sien in ons teksvers, Christus gee wat nodig is, sodat sodat Sy eie bruid gereed gemaak kan word. Hy kom gee die water en die woord wat ons reinig, volgens vers 25. Hy gee dit selfs al kos dit ook sy eie lewe, volgens vers 26. In die gebroke wêreld rondom ons, wil mense dikwels nie so baie opoffer vir 'n lewensmaat nie. Tog is daar altyd die huwelike wat 'n mens ook hoop in hierdie verband gee.

Maar terug by die heilig, sonder vlek of rimpel toestand van die kerk. Dit is ook iets wat sentraal moet lê aan 'n mens se kerk beskouing. Want as Christus ons uit hierdie wêreld kom uitverkies het en gereinig het, waarvoor moet die kerk homself beywer? Ongelukkig sien ons vandag meer en meer hoe die kerk heiligheid en die waarheid verruil om deur die wêreld aanvaar te word.

Maar die ware gelukkig huwelik stel die huweliksmat bo die wêreld en sy behoeftes. Dit is ook wat ons sien in die teksgedeelte vandag. Maar waar die verskil in die vergelyking in kom, is die feit dat mans aangemoedig met word om hulle vroue lief te hê. Maar die Here het ons met die perfekte liefde lief. 'n Liefde wat Sy eniggebore Seun opoffer.

4. Een vir altyd

Ons teksgedeelte haal die bekende Genesis 2:24 aan: “'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees”. Hierdie geheimenis lê sentraal in die huwelik. Hierdie eenheid is vir ewig bedoel. In vergelyking is ons verlossing ook vir ewig, dit strek self verder as die huwelik. Want waar die huwelik by die dood eindig, strek ons verlossing verby die dood vir ewig.

Hier is ook een van die laaste eienskappe van die kerk. Die kerk is vir ewig. Maar dit moet ook ons beeld van die kerk wees. Soos ons bely in vraag 54 sal ek vir ewig 'n lewende lid daarvan bly. Soos die kerk se verbintenis aan die Here vir ewig is, is ons verbintenis ook vir ewig met die kerk.

Christus gee Sy liggaam sodat ons gereinig kan word van ons sondes. Hierdie liggaam van Christus word dan ook die voedsel waarmee ons voortdurend gevoed word. Hierdie genade van die Here duur ook vir ewig. Ons het die voorreg om voortdurend vir ewig in die genade van die Here te leef. Ons kan vir ewig in hierdie eenheid van die ware geloof saamgebind leef, as ware kerk van die Here.

5. Slot

Ons kan die preek afsluit deur laastens weer na ons beskouing van die kerk te kyk. Soos meeste dinge in 'n humanistiese samelewing word die kerk ook dikwels benader van die verkeerde kant af. Die kerk word vandag dikwels benader vanaf die menslike oogpunt.

Die kerk word dikwels verkeerd benader, met mens in die middelpunt. Dit word so maklik gesien as 'n vergadering eenstemmig mense wat sekere dinge besluit. Maar in die preek het ons duidelik gesien dat dit God is wat ons kies. Dat dit die Here is wat ons uitkies en saam vergadering.

Laastens het die preek ons ook iets geleer oor die tydsduur van die kerk. Omdat die Here die kerk uitkies en bewaar, sal dit ook vir ewig bestaan. Ons kan ook hiervan getuig, juis in ons plaaslike gemeente. Waar ons gedink het dat dit nou die einde is, het die Here telkens weer opnuut vir ons uitkoms gegee. Daarom bestaan ons vandag en nog in die toekoms voort.

Laastens is daar die saak van 'n lewende lidmaat. Baie keer sien ons dat mense hulle geloofslewe as iets tydelik ervaar. Iets van 'n oplewing wat later afkoel, en ander prioriteite wat dan weer oorneem. Ongelukkig sien ons dit wel in die lidmaatskap van baie kerke vandag. Mense benader die kerk met voorkeure of selfs 'n afkeur. Dikwels is daar maar min sprake van 'n lewenslange verbintenis. 'n Verbintenis wat voortbestaan deur verskeie goeie tye en slegte tye.

'n Verbintenis wat voortbestaan selfs deur teleurstellings en hartseer. Want ondank alles wat gebeur en nog gaan gebeur, is die Here se genade steeds daar. Want ook vandag word ons deur die Woord en gees, saamgebind as een Heilige, algemene Christelike kerk. Wat die voorreg het om die eer en verheerliking van die Here in alles te bevorder, terwyl ons die koningryk van die Here daagliks uitbrei hier op aarde.

Amen